


My naam is Tippie. Ek is vier jaar oud. Ek woon in 'n kleurryke huis saam met my pappa, mamma en Woef. Woef is my hond. Ek speel graag saam met Woef in ons tuin. Ek het 'n maatjie nodig om in al my avonture te deel. Ons kan mekaar help om sommer 'n klomp nuwe vaardighede aan te leer. Sal jy my maat wees?




In hierdie boek sal jy alles oor my gesin en huis leer. Ek wil ook graag meer oor jou en jou gesin leer!

Is jy gereed om vir my meer oor jouself te vertel?

Naam ______________________________

Ouderdom __________ 3  4  5  6 

Ek voel   

Skryf jou kind se naam op die lyn en laat hulle dit met verskillende kleure natrek. Help hulle om hul ouderdom te identifiseer en hierdie ouderdom op hul vingers te wys asook om hul ouderdom te omkring of in te vul. Emosionele ontwikkeling en benoeming van gevoelens en emosies is 'n belangrike deel van die daaglikse lewe. Vra jou kind om vir jou te wys hoe hulle voel en praat oor daardie gevoel/emosie. Vra vrae soos: Hoekom? Wanneer? Hoe? Wie?

## Boek 1 - Tippie se huis

**Leer my doen** bevat 'n aantal praktiese aktiwiteite vir kinders. Hierdie prettige, interaktiewe reeks sal jou kind laat teken, inkleur, knip, plak en leer.

Leer my doen is ontwikkel deur 'n spraakterapeut en arbeidsterapeut en fokus op fyn motoriese, taal-, konseptuele en perseptuele vaardighede wat jou kind sal help om die basiese vaardighede te ontwikkel wat nodig is vir latere akademiese leer en ontwikkeling.

Ons stel voor jy begin met boek een en beweeg dan aan na die opvolgende boeke, soos jou kind die geteikende vaardighede bemeester. Elke boek het 'n aantal aktiwiteite wat op 'n ontwikkelingswyse gegradeer word en op vaardighede voortbou. Soos jou kind deur die aktiwiteite werk, is daar 'n aantal wenke en aanbevelings wat ingesluit is. Ons beveel aan dat jy dit saam met jou kind deurgaan om die meeste uit die boek te kry. Sommige afdelings sal jou kind onafhanklik kan doen, maar vir die meeste van die afdelings sal hulle waarskynlik volwasse hulp benodig.

**Om hierdie boek suksesvol te gebruik, benodig jou kind:**

- Potlode, kryte, uitdraaikryte
- Gom
- 'n Stompneus-skêr
- Vingerverf (opsioneel)

Deur die loop van hierdie boek sal jy voorbeelde van breinbreke (Brain Break) vind. Dit is fisiese aktiwiteite wat jy en jou kind saam kan doen. Jy het nie die werkboek vir hierdie aktiwiteite nodig nie. Hierdie aktiwiteite moedig vollyf sensoriese stimulering aan.

©Publikasie: LAPA Uitgewers,
'n afdeling van Penguin Random House South Africa (Edms.) Bpk.
Growthpoint Business Park, Tonettistraat 162, Halfway House, Uitbr. 7, Midrand
Tel.: 011 327 3550
E-pos: lapa@lapa.co.za

©Teks: Andrea Fourie, Elzette Badenhorst, José Palmer en Reinette Lombard 2022
©Illustrasies: Zinelda McDonald 2014 – 2022


Uitgewer: Nandi Lessing-Venter
Proefleser: Tanja Malherbe


Geset in 18 pt op 26 pt Edu-Aid Gr 1 Solid
Uitleg: Full Circle
Gedruk deur Shumani Press

Eerste uitgawe 2022

ISBN 978 1 7763 5537 2

© Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag op enige wyse gereproduseer word sonder die toestemming van die kopiereghouers nie.






Dit is my huis.

My huis bestaan uit vorms ○△□ en kleure.


1. Kan jy 'n vierkant □, driehoek △ en sirkel ○ sien?
2. Wat kan jy sien wat rooi, groen, blou en geel is?




Die doel van hierdie bladsy is om jou kind te leer om kleure en eenvoudige vorms te identifiseer. As jou kind nog nie kleur- of vormname ken nie, gebruik ekstra tyd vir die aanleer hiervan. Probeer om die leer van kleure en vorms op 'n prettige manier in alledaagse take en aktiwiteite in te sluit. Voorbeelde hiervan kan insluit: aantrek, ry in die motor en tydens etenstye.

'n Prettige aktiwiteit is om in die huis of tuin rond te gaan om 2-3 items van elke kleur of vorm te vind. Jy kan "Ek sien, met my klein ogie" speel, om die identifisering en benoeming van vorms en kleure aan te moedig.





Help my om die vorms ○△□ na te trek.



Let op die rigting waarin die vorms nagetrek moet word. Dit is so ontwerp as 'n voorloper vir skrif en lettervorming. Moedig jou kind aan om op die groen kolletjie te begin en op die rooi sirkel te eindig. Trek die vorms na met die vier fokuskleure (soos op bladsy 3 aangedui). Dit sal 'n geleentheid gee om spiergeheue te ontwikkel.

Oefen die skep van die vorms op beide plat en vertikale oppervlaktes. Praktiese idees sluit in: skeerroom, sandbakke, mielieblom gemeng met water, en kitspoeding. Sensoriese ervarings en aktiewe deelname versterk vroeë leervermoë.